Geliefde Lourensrivierder

Dis die laaste peilvlak en die wenstreep is om die draai....

Hoe gepas is ons Fokusteks hierdie week nie.... Paulus sê ons moet ons in die Here verbly, want hy het daardie tyd al geweet die wêreld en sy mense kan ons vreugde steel!
Die druk is al hoe groter, tyd word al hoe meer opgevreet deur dinge wat nie noodwendig vreugde verskaf nie en ons moet swem om bo te bly! Ek bid dat jy te midde van dit alles kan kop bo water hou en vreugde en vrede ervaar wat alle verstand te bowe gaan.

NUUSKRUMMELS: 12 OKTOBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ
Kyk net wat vang ons hierdie kwartaal aan ♫♫♫

LAPPIESBOONTJIES nou weer beskikbaar in die kerkkantoor (021 853 5991) @ R45 per kg

Dit maak die lekkerste boontjiesop asook sousboontjies. Hier is sommer ‘n lekker sousboontjieresep 😊 (sowat drie 250 ml-flesse)

250 g droë boontjies
50 ml suiker
100 ml asyn
10 ml sout
3 ml fyn swartpeper
50 ml botter
METODE
Was die boontjies (haal al die "klippies" uit) en week hulle oornag. Dreineer en plaas in ’n kastrol. Bedek met water en kook tot sag. Moenie sout byvoeg terwyl dit kook, anders kook dit nie sag nie. Voeg die ander bestanddele by sodra die boontjies sag is en die water heelwat verminder het. Die gereg moet souserig wees.

Vul gesteriliseerde flesse met jou sousboontjies.
deur Barbara Joubert uit Sarie

BELYDENISAFLEGGING VAN GRAAD 11’S, SONDAGAAND, 15 OKTOBER @ 18H00
Ons nooi al die familie, vriende en wie hulle ookal wil kom ondersteun, om die spesiale gebeurtenis saam met hulle te kom deel. Leiers is: **Liesbet @ 0736300268 en Constant @ 0722243267**

SENDINGNUUS UIT TRANSKEI

Sam Dandala en sy gesin kom weer gemeentes besoek namens die VGK Decoligny gemeente vanaf 15 - 22 Oktober.

Hy sal die oggend van 15 Oktober by Lourensrivier die boodskap bring.

Die van julle wat kan onthou van sy vorige preek, sal weet dat hy aan die brand is vir die Here. Hulle het mos ook laasjaar September hul seuntjie hier gedoop.
Enige iemand is welkom om Sam & Amanda te nooi om by hul omgeegroep, kleingroep of Bybelstudiegroep te kom gesels of sommer net by julle as gesin op ‘n persoonlike vlak.

Hulle het baie bemoediging en ondersteuning nodig aangesien daar ook maar uitdagings is met hul bediening daar in Transkei.

NOODGEBED:

Die mense wat die gronde van Decoligny wil oorneem, het nou met baie drastiese optrede begin. Twee weke gelede het hulle die hek na die huise, kerk en Bet-El toegemaak en geweier dat die inwoners uitgaan na hulle werke toe. Die geboue van die Silowa Konferensie Sentrum van die kerk is totaal gestroop van alle meubels, krane, ligte en selfs van die vensters en deure. Dit is nou 'n murasie. Laas Maandag nag het die grondbesetters petrolbomme na twee huise by die ou Teologiese Skool gegooi. Gelukkig het die inwoners uitgekom, maar die huise is afgebrand. 'n Vergadering met die plaaslike Hoofmanne is gereël om die situasie te bespreek. Die grondbesetters het ongenooid daar opgedaag met Taxis en hulle het die vergadering in chaos laat ontaard en geweier dat daar 'n vergadering gehou word. Ongelukkig kry die kerk nie goeie samewerking van die plaaslike polisie nie. Verdere pogings word nou aangewend om die saak met hoër amptenare te bespreek. Bid asseblief vir die veiligheid van die persone wat die saak probeer hanteer, asook vir die inwoners van die verskillende huise op Decoligny. Almal is baie bang en weet nie wat om te doen en waarheen om te gaan nie. Ons God is magtig en Hy kan ook hierdie chaos en wanorde stopsit. Kom ons vra Hom daarvoor.

Indien iemand Sam graag wil nooi, kontak asb vir Ds Willem Botes by 083 658 2154 / 021 854 4620 of wgpbotes@gmail.com

ONS HEERLIKE FEESMARK IS OM DIE DRAAI!!

Ons is nog **dringend** op soek na vrywilligers om by die Feesmark te help met toesighouding in die saal en kombuisdiens.
Al is dit ook net vir ‘n uur. Elke bietjie help.

Laat weet gerus of jy lus is om deel te wees van die vrolike Feesmark-span (021 853 5991).

Dienslyste van rekenaars sal op aansteekbord in voorportaal wees.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

"Huis Jan Swart soek 'n vrywilliger wat een oggend per week vir 'n halfuur vir die inwoners oefeninge kan kom aanbied. Ons het 'n uitgewerkte, eenvoudige oefenprogram waarvandaan gewerk kan word. Skakel vir Henriette by 021 854-3763."
H van der Merwe, Hoof: ACVV Huis Jan Swart

CANSA
RELAY FOR LIFE
HELDERBERG

24th&25th February 2018

CANSA Relay For Life is a community owned volunteer fundraising initiative for the Cancer Association of South Africa

Indien jy aan hierdie wonderlike projek wil deelneem, betrokke wil raak of meer inligting nodig het, kontak:
Lucille Kruger (Team Chairperson)
0729286135

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

KLASSIEKE KLANKE: TREK OOP!

In 2015 het Helderberg Gemeente se orreliste, Yolanda Botha, 'n gratis konsert gereël om fondse vir die restourasie en onderhoud van hulle pyporrel in te samel. Hierdie konsert staan bekend as ***Klassieke Klanke*** en maak gebruik van plaaslike musici en gemeentelede. Die konsert is goed ontvang en het oor die R30 000 vir hulle orrelfonds ingesamel. Twee jaar later, en hierdie jaarlikse instelling het gegroei tot 'n konsertreeks wat 'n ***Klassieke Kitaar Klanke*** en ***Klassieke Orrel Klanke*** ingesluit het. Dit was belangrik vir Botha dat al hulle konserte verniet aangebied word. "Deur 'n gratis konsert te hou kry baie musiekliefhebbers van die omgewing, wat nie noodwendig die finansies het om duur konsertkaartjies te koop nie, die geleentheid om so 'n geleentheid by te woon. Vir diegene wat ook skrikkerig is om op Saterdae laat die N2 aan te durf om konserte in Kaapstad by te woon, is ons konsert die gerieflikste en veiligste opsie". Die orrelfonds benodig steeds fondse en konsertgangers is altyd welkom om donasies te maak na afloop van die konsert. Weens hulle sukses, het musiekkonserte by Helderberg Gemeente 'n instelling geword, met klassieke musiekliefhebbers wat van regoor die groter Kaapstad konserte bywoon. Nou is dit die maand Oktober en tyd vir die *grand finale*: hulle tradisionele ***Klassieke Klanke***, met solo-, koor- en orkeswerke. "Ons voer enige klassieke en geestelike werke op wat tydloos, geliefd en natuurlik hartroerend mooi is." Woon gerus hierdie geleentheid by, wat plaasvind op **Sondag, 15 Oktober om 16h00 in Helderberg NG gemeente, Firmountweg 82, Somerset-Wes**. Geniet billike verversings voor en na afloop van die konsert in ons Tent. Maak jouself sommer gereed vir die volgende seisoen se gratis **Konserte@Helderberg**, wat 'n ***Klassieke Klavier Klanke***, ***Klassieke Orrel Klanke*** en 'n ***Klassieke Fliek Klanke*** gaan insluit. Hou ons Faceboek blad asook Webblad dop vir die 2018 datums - http://www.nghelder.co.za.

KNIEWERK:

- Bly bid asseblief steeds vir reën en vir die boere wat swaarkry, maar bowenal, bid asseblief dat mense opreg na God draai en hul lewens daarvolgens verander.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis
- Hennie Langenhoven herstel na suksesvolle rugoperasie
- Donald van Rensburg in hospitaal
- Johan Nel in hospitaal

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

BELOFTEROLLE:

Ons wil jou graag uitnooi om Sondae agter in die kerk vir jou 'n belofterol te neem. Dit is gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

GEBEDSTEMA VIR OKTOBER:

Dit gaan oor beloftes wat God in Sy Woord vir ons gee oor verskeie aspekte.
Ons moet die beloftes gebruik wanneer ons bid – dit ons eie maak en vashou daaraan.

Week 2

Beloftes oor krag

- Jesaja 40:29 - Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie.
- Filippense 4:13 - Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.
- Jesaja 58:11 - Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 15 OKT SE BOODSKAP: FIL 4:1-9

(NEGENTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Daar is 'n basiese lewensingesteldheid wat mens daarvan bewaar om in konflik met ander geloofsgenote te verval. Vanaf vers 4 tot 7 spel Paulus dit uit:
Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.
Paulus skryf 'n lewe van vreugde in die Here voor as genesing vir konflik en gebroke verhoudinge. As ons vreugde in die Here opsoek, word ons toenemend inskiklik teenoor ander. Inskiklik beteken hier ook sag, gematigd, vol welwillendheid. Hierdie vreugde en inskiklikheid bou op die feit dat die Here naby is..... daarom kan ons bly wees.
Verder: Omdat die Here naby is, kan ons al ons begeertes deur gebed en met smeking en danksegging aan God bekend maak. Aangesien Christus naby is, volg vrede wat oor ons harte en gedagtes die wag hou. Dit is vrede wat alle verstand te bowe gaan. Mense wie se denke deur vreugde, gebed, smeking en danksegging gevul word, raak vredevol, inskiklik en kan fokus op eenheid in Christus en ter wille van Christus met alle ander mense.

Soekie van die Radikids sing: Ek sal my in die Here verbly

https://www.youtube.com/watch?v=-_gIPqPdttE

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier